ATKV-betrekkings

ATKV-hoofkantoor

Grafiese ontwerper

Die ATKV is ’n dinamiese en snelgroeiende Afrikaanse kultuurorganisasie met ’n vakature vir ’n gekwalifiseerde grafiese ontwerper by die ATKV-hoofkantoor in Randburg.

Die ideale kandidaat het ’n passie vir visuele storievertelling, digitale innovasie en handelsmerk-konsekwentheid, en sal ’n sleutelrol in die bevordering van die ATKV-oorde as voorkeurvakansiebestemmings speel.

Die ATKV volg ’n gelyke-indiensnemingsbeleid.

Vereistes

- Gevorderde vaardighede in Adobe Photoshop, Illustrator, Premiere Pro en After Effects.
- Ten minste vyf jaar se ondervinding in professionele grafiese ontwerp.
- Ervaring met KI-gegronde ontwerpinstrumente sal voordelig wees.
- Ondervinding in gasvryheid/toerismebedryf sal in u guns tel.
- Sterk kreatiewe en konseptuele denkvermoë.
- Uitstekende kommunikasie- en interpersoonlike vaardighede.
- Vermoë om veelvuldige projekte gelyktydig te bestuur en sperdatums te haal.
- Selfstandig, innoverend en aanpasbaar.
- Sterk projekbestuursvaardighede.

Vernaamste verantwoordelikhede

- Ontwerp en ontwikkel kreatiewe digitale bemarkingsmateriaal (sosiale media, web-baniere, e-posveldtogte).
- Skep visuele inhoud vir promosies, veldtogte en seisoenale aanbiedinge.
- Ontwerp en uitleg van nuusbriewe en digitale kommunikasie.
- Ontwikkel en optimaliseer webelemente vir aanlyn platforms.
- Produseer drukwerk en fisieke materiaal (brosjures en baniere).
- Verseker handelsmerk-konsekwentheid oor alle oorde en platforms.
- Navors en implementeer KI-gegronde ontwerpoplossings.
- Bestuur en optimaliseer ontwerpprosesse en werksvloei.
- Bied opleiding en ondersteuning aan oorde rakende ontwerphulpmiddels en handelsmerkgebruik.

As jy graag hierdie pos wil beklee, stuur jou volledige CV aan:

ATKV-betrekkings by betrekkings@atkv.org.za
Sluitingsdatum: **20 November 2026 voor 12:00.**
Gebruik asseblief **HKBEMARK04** as verwysing.

Indien jy vier weke ná die sluitingsdatum nog nie van die ATKV gehoor het nie, was jou aansoek onsuksesvol.